

DIE DIALOGIESE PRINSIPE

J.J. de Klerk

Met die dialogiese prinsipe¹⁾ word daardie beginsel bedoel, waarin die tweerigtingverkeer of kommunikasie onder, of met, of deur die mense op n heel besondere gesprekmatige wyse gereël word. Tot die wese van die dialogiese prinsipe behoort "als Grundvoraussetzung das Ernstnehmen des Gesprächspartners und das darin enthaltene zuhören-können. Dialog ist also etwas anderes als Disput oder Diskussion. Er setzt gegenseitiges Vertrauen und Hochachtung voraus."²⁾

Eensyds neem dié beginsel dan die mens as dialogiese wese ernstig op, maar andersyds is dit tans ook besig om op ingrypende wyse die moderne samelewing in al sy uitinge, die verskillende wetenskappe wat die mens en sy gemeenskaps-vorme tot objek het, asook die teologiese besinninge normatief te rig en te bepaal. Omdat dit so n belangrike beginsel is, maar tog ook maklik tot eensydighede kan lei, verdien dit die nadenke en die regte bepaling van sy plek in die teologiese besinning. Dit is wat ons met hierdie artikel in gedagte het.

1. Die dialogiese benaderinge van die moderne tyd

Die groot saak waarom dit in ons dag gaan en wat eintlik modewoord geword het, is "kommunikasie". In kommunikasie val die klem baie sterk op die gesonde tussenmenslike verhoudinge as basis vir, maar ook as doel van die dialogiese verkeer tussen mense.³⁾ Dit is dus te begryp dat die soeke na kommunikasie die soeklig op die dialoog gewerp het.

Die strewe na kommunikasie met die gedagte van "gesprek, het luisteren naar de ander, het spreken met de ander vanuit de denk en gevoelswereld van de ander"⁴⁾ het baie sterk wortels in die eksistensie-filosofie. Daarin word die eis gestel dat die mens langs die weg van vrye meningswisseling "zich tot vrijheid dient te ontplooi van zijn eigen zelfzijn, waarbij alle objektieve gegevens, systemen, boodschappen, enz. genegeerd kunnen worden."⁵⁾ Jonker tipeer die benadering nog verder in die volgende sinsnedes: "In de existentie-filosofie betekent daarom communicatie een tweegesprek in een ik-gij verhouding,

waarby beide gesprekspartners ten volle "zichzelf" kunnen worden of "tot zichzelf" kunnen komen in de volle vrijheid."⁶⁾

Buber sluit hom baie nou aan by hierdie filosofiese vertrekpunte in sy "I-and-Thou". Ook daarin gaan dit in die ontmoeting om die uitstyg bokant elkeen se eie klein wêreld met sy vooroordele en ander blokkasies en steurnisse. Die ander ontmoet die gespreksgenoot in 'n nuwe situasie, waarin die beperkende wegval.⁷⁾ Voeg nog by hierdie filosofiese standpunt die van Tillich met sy korrelasie-teorie waarin dit gaan om vraag en antwoord, om dialoog. Die dialoog, waarin die antwoorde gegee word, word vanuit 'n steeds groeiende openbaring opgemaak uit die Skrifte en die psigo-terapeutiese wetenskappe.⁸⁾

Met hierdie filosofiese agtergronde in gedagte, kan ons opsommend opmerk dat die dialogiese aksente, wat op die huidige oomblik sterk ter sprake kom, die volgende is:

- (i) die van demokratisering, met ander woorde die proses waarin die absolute gelykheid van gespreksgenote gehandhaaf word en alle gesagsfigure wegval;
- (ii) die van humanisering, met ander woorde die ernsmaak met die medemens deur na hom te luister en op sy uitsprake en vrae te antwoord; en
- (iii) die van relativering, met ander woorde dat ter wille van die eksistensiële kommunikasie en ontmoeting met die ander, die objektiewe waarhede en mededelings⁹⁾ van so 'n geringe waarde geag word, dat dit selfs geïgnoreer kan word.

In die lig van hierdie benaderinge sal ons daardie teologiese sake waarin die dialogiese ter sprake kom, opnuut weer onder oë moet sien. Ons dink hier by name aan die Woord, die erediens, die prediking, die herderlike sorg, en die sendinggetuïenis.

2. Die dialogiese karakter van die Woord

Kragtens die antropologiese beskouing dat die mens antwoordende mens is wat "in 'n dialogiese verhouding tot God staan", sê J.A. Heyns¹⁰⁾ kan dit met betrekking tot die ontstaan van die Skrif verklaar word "dat dit sinvol binne die dialogiese struktuur beskrywe word." Die antwoord wat die Bybelskrywers gegee het, "is 'n antwoord wat die Heilige Gees self aan hulle deur hulle kreatuurlike gawes heen, gegee en van hulle ontlok het, en wat met betrekking tot bepaalde aspekte moontlik

selves hul eie begrip en insig te bowe kon gegaan het ... Nie alleen die woorde wat hulle as antwoorde gebruik het nie, ook die histories bepaalde situasie waarin hulle verkeer het, en van waaruit hulle moes antwoord, moet tot die dialogiese ontstaanstruktuur van die Bybel gereken word". H. Jonker¹¹⁾ praat ook van die Bybel as openbaringsdialoog wat baie meer is as die eksistensiële kommunikasie in die eksistensiële-filosofiese sin. Dit omdat vergeet word: "De openbaringswaarheid is kerugmatisch en kent daarom het objektiewe aspect van mededeling, boodskap, die van buitenaf ons word aangezegd." Daar is dus benewens die eksistensiële aspek wat beleef, erken en bely word tog ook die objektiewe aspek van die kerugma wat aangekondig word. Dit is daarom dat hy van die Openbaringswoord praat as "kerugmatiese dialoog"¹²⁾. Daarmee word dit duidelik dat "de Waarheid van het Woord Gods is steeds dialogiese Waarheid", want dit is die boodskap van God wat in Jesus Christus die wêreld ingegaan het "en selfs met ons in discussie getreden (is)."¹³⁾

Alhoewel ons aan die een kant die dialogiese karakter van die Woord moet raaksien, moet ons dit aan die ander kant handhaaf dat die Woord kragtens sy kerugmatiese aard, as gevolg van God se mededeling van buite af, tog ook iets van 'n monologiese aard het. Hier geld wat Bohren¹⁴⁾ in verband met die Naam van die Here op voetspoor van Miskotte sê: "JHWH ist ein unübersetzbarer Name und ein unbegreiflicher Begriff." Daarmee word die totaal-andersheid van die dialogiese karakter van die Bybel as verkondiging van die Gods Naam aangedui. Dit roep ons tot 'n versigtige gebruik van die dialogiese prinsipe wanneer dit kom by die besinning oor die Woord.

Die Woord stig die gemeenskap van Gods volk in die diens voor die troon, daarom sal ons nou die dialogiese prinsipe ten opsigte van die erediens in oënskou neem.

3. Die dialogiese gebeure in die erediens¹⁵⁾

In die ontmoeting wat die Woord tussen God en sy gemeente konstitueer, word die gemeente in die dinamiek van 'n besondere gesprek betrek. Daarom dra die liturgie as die ordening van hierdie ontmoeting die karakter van die "echo op het Woord Gods". Jonker stel dit so: "Daarom is de liturgie van het Woord het realisering van de openbaringswaarheid in dialoogvorm tussen de levende God en de op Hem reagerende mens".¹⁶⁾ Die antwoord van die gemeente op die spreke van die Here in die verskillende vorme word nie alleen georden volgens die spore wat in die Skrif gevind word nie, maar dra ook die karakter van heilige waardigheid en

aanbiddingslof, soos wat dit pas voor die troon van God.

Die ware dialogiese ontmoeting binne die erediens, as diens voor die troon, dra dan die volgende karaktertrekke:

- (i) Dit vind sy basis in die versoenende sterwe en plaasbekledende arbeid van Jesus Christus as die groot Liturg;
- (ii) dit word deur die Heilige Gees onder aangryping van die Woord tot 'n werklikheid;
- (iii) dit word kragtens die beginsel van woord en wederwoord georden; en
- (iv) dit besit in alles iets feesteliks¹⁷⁾ soos wat die verlore seun dit by die gesprek met sy vader ervaar het (vgl. Luk. 15).

Omdat daar nie altyd onderskei word tussen die ware dialoog van die erediens, soos wat dit bepaal word deur die kerugmatiese dialoog met sy mededeling van buite af nie, vind ons heel dikwels 'n dialoog wat eintlik meer neerkom op die horisontale en eksistensiële ontmoeting met die onderlinge diskussie as doel.

Die dialogiese prinsipe word wel aangegryp in die strewe na die sogenaamde dialogiese dienste¹⁸⁾ waarin die premie baie hoog gestel word op die aktiwiteit van die kerkgangers. Die aktiwiteit bestaan dan daarin dat die mondige lidmate aan die woord moet kom deur vrye diskussie en mededeling. Verder bring die deurvoering van die "dialogischen Prinzip" mee dat nie meer "dem einzelnen kirchlichen Amtsträger überlassen bleibt, sondern in Gemeindegruppen erfolgt, die für die jeweiligen Gottesdienst-Themen Sachverständige hinzuziehen müssen".¹⁹⁾ Dit beteken dat die gedagte van die demokratisering met die onderskatting van die amptelike leiding en die van die onderlinge diskussie meer as die dialoog tussen God en sy gemeente, die skaal na die kant van die horisontale laat swaai het. Van hierdie tipe dialogiese dienste gee Bohren²⁰⁾ drie modelle, te wete (1) "Politisches Nachtgebet" waarin daar wel informasie gegee word maar wat dan verloop in diskussie en dade; (2) "Der Regisseur als Liturg" waarin "Der Pfarrer wird Spielleiter im heiligen Spiel". Hy is die teologiese "Expert" wat die drama van die erediens met sy diskussie deur onderskeie groepe onder sy spelleiding neem; en (3) "Gottesdienst als Happening" waarin van alles en nog wat voorkom, musiek, diskussie of sogenaamde dialoog, spreekkoor, voordrag, film ens. iets van "das Living Theater" word nagestreef.

As die dialogiese prinsipe so 'n sterk veranderde invloed op die erediens kan hê, dan is dit te begryplik dat die prediking self baie sterk onder skoot gekom het.

4. Die dialogiese inrigting van die prediking

In sy proefskrif "Die lewende Woord aan die mens in die hede" het B.A. Müller 'n heel omvattende en insiggewende hoofstuk geskryf oor "Die prediking as konkrete dialoog".²¹⁾ Daarin het hy die ellips met sy twee punte van Woord en situasie aangedui maar ook die van "die dialogiese prediking as verbinding van Woord en situasie".²²⁾ In die hele proses van preekmaak en prediking figureer die dialogiese prinsipe baie sterk. Dit omdat die Woord self kerugmatiese dialoog is;²³⁾ omdat "die prediker in 'n dialogiese situasie tussen die teks en die gemeente staan";²⁴⁾ omdat die dialoog in die prediking ingebou moet word;²⁵⁾ omdat "wäre Predigt zu verstehen als Vorwort zu einem Gespräch, als Einleitung zu einem Gespräch des Glaubens"²⁶⁾ voer; en omdat die prediking altyd weer ingestel is om die antwoord van die geloof, die "ja" na vore te roep.

Nou gaan die moderne neiging egter verder. Die prediking word sonder meer afgemaak as 'n eensydige monoloog waarby die gemeente in passiwiteit geen aandeel het nie. So 'n tipe van informasie gee, so word gesê, is 'n eenweg verkeer wat nie pas in die ware vorm van kommunikasie nie.²⁷⁾ Die dialogiese openheid ontbreek en pas nie in die nuwe konteks van die prediking, wat gestruktureer word deur die modernistiese teologie²⁸⁾ en die nuwe vorme van kommunikasie nie.²⁹⁾ Daarmee saam moet dit ook onthou word, volgens Clyde Reid³⁰⁾ dat die proklamatiewe en gesagvolle spreke nie meer pas in 'n mondige wêreld nie. Die hoë preekstoel en die kerklike kleed herinner te veel aan gesag. Die "authority image" verbreek die gelykheid tussen die prediker en die hoorders en verwoes die geleentheid van die gesprek tussen gelyke gespreksgenote.

Met hierdie benadering en oorheersing van so 'n dialogiese prinsipe word 'n paar dinge vergeet: Eerstens word vergeet dat die dialoog in die prediking ten diepste die dialoog van God met beide prediker en gemeente is;³¹⁾ tweedens word ook vergeet dat die gesagvolle spreke nie allereers geleë is in die prediker nie maar in die Woord en boodskap wat hy verkondig; derdens word vergeet dat, soos eerder aangedui, ons in die prediking 'n dialoog kry waarin daar beide 'n eksistensiële as 'n objektiewe aspek tuishoort. Daar kom 'n mededeling van buite af by.

Daar is 'n aankondiging en kerugma wat as 't ware monologies deurklink as God net eenvoudig afkondig: "Ek is wat Ek is"; en vierdens word vergeet dat dialoog meer is as 'n diskussie tussen mense. Die demokratiseringsbenadering waarin daar nie plek is vir gesagvolle spreke en waarin die vrye meningswisseling so sterk beklemtoon word, word hier verhef tot die dialogiese prinsipe wat teenoor die gesagvolle kerugmatiese dialoog van Gods Woord staan.

Dit is hier van belang dat in die prediking ernstige aandag gegee sal word aan die stelling van Eggold:³²⁾ "The problem lies on both sides of the communication process. Laymen have to learn to listen dialogically, and preachers have to learn to preach dialogically".

5. Die dialogiese kundigheid in die pastorale sorg

Die belangrikheid van die gesprek in die pastorale sorg word algemeen aanvaar. Nie alleen word die gesprekmatige verkondiging in die sielsorg van Jesus beklemtoon, soos Bolkestein³³⁾ dit tereg aantoon in sy "Zielzorg in het N.T." nie, maar ook vir die kerk en sy ampsdraers geld dit tot vandag toe.³⁴⁾ Die dialogiese prinsipe het hier 'n beslissende en belangrike koersduiding te gee. Wie dus oor die pastorale sorg na die sy van die profetiese verkondiging wil praat, sal beslis aandag aan die "hoe?" van die gesprekvoering moet gee.³⁵⁾ In hierdie opsig het die predikant en ander pastores veel te leer by die psigo-sosiale wetenskappe wat die so veel maak van gesprekvoering in psigo-terapeutiese en gevalle-werk situasies. Tog sal die dialogiese prinsipe ook hier met die nodige onderskeiding toegepas moet word. Allereers sal ook hier onthou moet word, dat alhoewel die aksent op die verhouding tussen gespreksgenote van die grootste belang is, dit om meer as dit moet gaan. Weliswaar gaan dit om 'n pastorale grondhouding, waarin "depth relationships"³⁶⁾ van die uiterste belang is, maar dit gaan ook om die objektiewe aspek van die kommunikasie. Dit gaan om meer as die eksistensiële empatiese invoeling. Dit gaan ook om die aankondiging en die direkte konfrontasie met die evangelie en die Here van die Woord. Tweedens sal ook hier onthou moet word dat alhoewel die gelykheid van gespreksgenote belangrik is, daar tog ook vanweë die kerugmatiese aard van die Woord wat oorgedra word, 'n ongelykheid kom. Dit is die ongelykheid van die gesag waarmee die Woord self die gesprek inkleef. Ook in die gesprek word die pastor of die amptelik gestuurde, die gevolmagtigde van die Koning. Derdens sal

ook onthou moet word, dat alhoewel die pastorale gesprek geen preek in sakformaat is nie maar bedoel is om dialogies te werk, die pastor dikwels eers die Woord sal moet verkondig en weer en weer sal moet doen voordat dit tot 'n wederwoord bring. Pastorale besoek, en veral die bekende huisbesoek, moet soek om reg te laat geskied aan die dialogiese prinsipe. Dit moet egter al die elemente van vermaning, lering en verkondiging³⁷⁾ bevat en sal dus soms, omdat die gespreksgenoot nog nie ryp is vir sekere antwoorde, iets van 'n alleenspraak wees. Die ideaal is egter om dit uiteindelik te laat kom by die werklike dialoog. Intussen kom die stem van die Heer wat die dialoog begin en voer tog deur en moet daar gesoek word na die antwoord daarop.

6. Die dialogiese metode as sending-getuienis

In die verkondiging van die evangelie om dissipels onder al die mense te maak (Mat. 28:19), neem die gesprek 'n eie onvervangbare plek in. Daaroor is daar nog nooit getwyfel nie. Die absoluteitheid van die evangelie van Jesus Christus as die enigste weg van saligheid (Hand. 4:12) is egter steeds gehandhaaf.

Maar tans word met die dialogiese prinsipe, wat die sending-getuienis moet rig, iets totaal anders bedoel. Eintlik kom dit daarop neer dat alle groot godsdienste van ongeveer gelyke betekenis geag word. Wat nou moet gebeur, is dat mense in dialoog met mekaar moet gaan. "Dialogue has replaced witness...", sê de Ridder.³⁸⁾ Dit kom omdat ons 'n nuwe houding en benadering kry. 'n Dialogiese benadering wat ons nie kan en mag aanvaar nie. "Religious pluralism is increasingly considered a divinely given reality. The resulting dialogue which this seems to call for, avoids more and more the subject of conversion and concentrates instead on conversation and cooperation. Mission as dialogue and mission as service is not evangelism in the Biblical sense and may never become the substitute for it. Dialogue and service, important as they are to bring people together, do not need religion or religious conviction as a base and must be repudiated as a truncated, inadequate definition of the mission of the church to any and all people - Jew and gentile." Hier vind ons die dialogiese prinsipe so toegepas dat die Christelike boodskap gerelativeer word.

In die wye en breë bespreking in die vorige paragrafe meen ek kan ons tog enigsins 'n waarde-oordeel maak oor die belangrikheid van, maar ook die gevare wat by die toepassing van die dialogiese prinsipe aanwesig is.

As ons in die toepassing van die dialogiese prinsipe net steeds onthou wat H. Jonker reeds in die begin gesê het, dat dit nie net om die eksistensiële aspek maar ook om die objektiewe aspek in die kommunikasie gaan. Daar is die mededeling van buite die kerugma wat van Bó af op die situasie kom staan. Die boodskap wat die Heilige Gees sonder, of ten spyte van, of deur die dialoog van die mense laat deurkom. Dialoog is meer as diskussie. Dit moet as dialoog getransendenteer deur die openbaringswaarheid behalwe die stem van die medemens ook na die stem van God luister. Daarmee word die gevare wat demokratisering, humanisering en relativering inhou, uit die weg geruim.

NOTAS

1. Vgl. G. Otto, Praktisch Theologisches Handbuch, Hamburg 1970, 238; Josuttis gebruik die begrip i.v.m. die eksperimentele eredienste.
2. Praktisches Wörterbuch der Pastoral-Anthropologie, Göttingen 1975, 183 by "Dialog".
3. Vgl. Praktisches Wörterbuch, 1975, 566 by "Kommunikation".
4. H. Jonker, Leve de Kerk, Nijkerk 1969, 185.
5. Jonker, a.w., 185.
6. Jonker, a.w., 186.
7. Vgl. M. Buber, I and Thou, Edinburgh ³1944.
8. Vgl. J.S. Hielema, Pastoral or Christian Counseling, Utrecht 1975, 15vv.
9. Vgl. Jonker, a.w., 187.
10. J.A. Heyns, Dogmatiek, Pretoria 1978, 22.
11. Jonker, a.w., 187.
12. Ibid.
13. H. Jonker, Actuele Prediking, Nijkerk ²s.j., 39.
14. R. Bohren, Predigtlehre, München 1971, 536.
15. A.C. Barnard, Die Erediens, Pretoria 1981, 394.
16. Vgl. H. Jonker, Liturgische Oriëntatie, Wageningen s.j., 44,45.
17. Vgl. Jonker, Liturgische Oriëntatie, 114.
18. Vgl. Barnard, a.w., 29.
19. Otto, a.w., 238

20. Bohren, a.w., 536.
21. B.A. Müller, Die lewende Woord aan die mens in die hede, Zaandijk 1961, 22.
22. Müller, a.w., 265.
23. Vgl. Jonker, a.w., 1969, 183.
24. H.J.C. Pieterse, Skrifverstaan en Prediking, Pretoria 1979, 124.
25. Vgl. Müller, a.w., 237.
26. Bohren, a.w., 518; Vgl. ook P.J. Roscam Abbing, Predikantswerk, 's-Gravenhage 1980, 226: "Toch is het wenselijk om te zoeken naar mogelijkheden voor een verbale dialoog in verband met de preek".
27. C. Reid, The empy pulpit, London 1967, 82 vv.
28. Vgl. T. Hall, The future shape of preaching, Philadelphia 1971, 42 vv.
29. Vgl. J.J. De Klerk, Prediking, Pretoria 1977.
30. Vgl. Reid, The new authority structure, London 1967, 51.
31. Vgl. De Klerk, a.w., 90.
32. Vgl. H.J. Eggold, Preaching is dialogue, Michigan 1980, 12.
33. Vgl. M.H. Bolkestein, Zielsorg in het N.T., Den Haag 1964, 28.
34. Vgl. J.J. De Klerk, Herderkunde, Pretoria 1978, 7,: "Die voortsetting van Christus se herderlike sorg."
35. Vgl. A.J. Smuts, Die pastorale gesprekvoering (Ongepubliseerde diss., U.P., 1969).
36. Vgl. H.J. Clinebell, Basic types of pastoral counseling, New York 1966, 15.
37. Vgl. De Klerk, a.w., 25.
38. R.R. de Ridder, God has not rejected his people, Michigan 1977, 76.